**STEMME EN GELUIDE OP YOM TERUAH**

In Wayyikra 23:24 lees ons hierdie woorde: "Spreek met die kinders van Yiesraél en sê: In die sewende maand, op die eerste van die maand, moet dit vir julle 'n rusdag wees, 'n herinneringsdag deur geklank van die ramshoring, 'n afgesonderde byeenkoms." Die woorde "geklank van die ramshoring" is 'n vertaling van net een Hebreeuse woord, die woord "teruah" wat basies die betekenis het van 'n baie skril geluid, 'n groot geraas, of 'n baie harde stem. Die bekendste manier om 'n "teruah" teweeg te bring, was om ramshorings en trompette te blaas.

Daar word baie moontlike redes opgenoem waarom die ramshorings op hierdie dag meer geblaas moes word as op enige ander feesdag, waarvan die volgende die bekendstes is:

Om die grootsheid van die skepping te herdenk toe Yahweh sy stem van donder laat hoor het (Ps 104:7) en die seuns van Elohiem gejuig het (Job 38:7).

Om die seisoen waarin twee van die grootste en belangrikste feeste plaasvind (Yom Kippur en Sukkot) op spesiale manier in te lei en die volk tot voorbereiding op te roep.

Om die sewende maand waarin die seën van Yahweh tasbaar gesien kan word met die insameling van die oes, op spesiale wyse aan te kondig.

Om die oorwinnings te herdenk wat Yahweh vir sy volk oor hulle vyande gegee het, en veral die oorwinning toe die stad Jericho verower is .

Om die bevryding van Yietsgak (Isak) te herdenk toe Yahweh 'n ram voorsien het om in sy plek geoffer te word.

Om die volk bewus te maak van die uitvoer van die oordeel van Yahweh en die noodsaaklikheid om berou oor sonde te hê en tot inkeer te kom.

Om die gelowiges te herinner aan die heuglike vooruitsig van die opstanding uit die dood wanneer die laaste basuin gehoor sal word.

Die woorde "die geluid van die ramshoring" kom dikwels in die Skrif voor. In Hebreeus word dit gewoonlik met die woorde "qol hashofar" weergegee. Die woord "qol" kan met "geluid" of "stem" vertaal word. In Hebreeus word daar nie altyd duidelik onderskeid gemaak tussen die stem van 'n mens en die geluid van byvoorbeeld 'n musiekinstrument nie. Die geluid van die ramshoring is terselfdertyd ook die stem van die ramshoring. Dit sê vir ons dat wanneer die ramshoring geblaas is, het die volk dit verstaan as die stem van Yahweh - Hy vra hulle aandag en wil hê dat hulle moet luister na sy stem.

Die geluid van die ramshoring waarna ons vandag luister, is 'n oproep om baie noukeurig na die stem van Yahweh te luister. Psalm 29 sê die stem van Yahweh is op die waters; die stem van Yahweh is vol van krag; die stem van Yahweh verbreek vestings en die stem van Yahweh laat woestyne bewe. Die stem van Yahweh maak ons ook bewus van ander stemme en ander geluide rondom ons. Partykeer het ons die skril geluid van die ramshoring nodig om die betekenis van al die geluide rondom ons reg te verstaan.

Watter soort geluide moet ons op hierdie dag hoor?

Die geluid van blydskap oor verlossing. Psa 118:15 'n Stem van gejubel en van verlossing is in die tente van die regverdiges: die regterhand van Yahweh doen kragtige dade.

Die geluid van die hulpgeroep van hulle wat in nood is. Psa 5:2 Slaan ag op die stem van my hulpgeroep, my Koning en my Elohiem, want tot U bid ek.

Die geluid van 'n feesvierende skare. Psa 42:4 Hieraan wil ek dink en my siel uitstort in my: hoe ek gewoond was om voort te trek met die skare, hulle gelei het na die huis van Elohiem, met die stem van jubel en lof - 'n feesvierende skare!

Die geluid van 'n sorgelose skare. Eze 23:42 en daarbinne was die stem van 'n sorgelose skare. En by manne uit die skare van mense is daar wynsuipers aangebring uit die woestyn; hulle het armbande aan hulle hande gesit en 'n pragtige kroon op hulle hoofde.

Die geluid van blydskap oor die Torah. Ezr 3:13 En die volk kon die stem van blye gejuig nie onderskei van die stem van gehuil van die volk nie, want die volk het gejuig met groot gejuig, sodat die geluid tot ver weg gehoor is.

Die geluid van weerstand teen die Torah. Num 14:1-2 Toe het die hele vergadering uitgeroep - hulle het hul stem verhef, en die volk het daardie nag geween. En al die kinders van Yiesraél het gekerm teen Mosheh en teen Aharon, en die hele vergadering het aan hulle gesê: Ag, as ons maar in Mietsrayiem gesterf het!

Die geluid van erkenning aan Hom wat aan die Torah sy diepste betekenis gee. Rev 5:11-13 Toe sien ek, en ek hoor 'n stem van baie boodskappers rondom die troon en van die lewende wesens en die ouderlinge; en hulle getal was tien duisende van tien duisende en duisende van duisende; en met 'n groot stem het hulle gesê: Die Lam wat geslag is, is waardig om te ontvang die krag en rykdom en wysheid en sterkte en eer en grootheid en lof. En elke skepsel wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde en wat op die see is, en alles wat in hulle is, het ek hoor sê: Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam kom toe die lof en die eer en die grootheid en die krag tot in alle ewigheid!

Vandag as julle sy stem hoor, verhard julle harte nie!

Heb 3:7; Heb 3:15; Heb 4:7.